Inligting - Nuwe leerders

Primêre Skool Jim Fouché

Voorwoord deur die Prinsipaal, Mnr Danie le Grange

Geagte Ouer

By die aanvang van die eerste skooljaar van 'n kind, bestaan daar by elke ouer sekere verwagtinge wat van die skool en die Graad 1 juffrou gekoester word. Ons wil u as voornemende Graad 1 ouer gerusstel dat ons hier by Jim Fouché glo aan die voorsiening van kwaliteit en funksionele onderwys op al die tersaaklike vlakke van elke individuele Graad een leerder.

CHRISTELIKE WAARDES:
Hier by Jim Fouché wil ons graag aan u kind 'n Christelike Opvoeding gee. Ons leer ons leerders die belangrikste Christelike waardes wat die vorming van die volledige mens ten grondslag lê soos eerlikheid, getrouheid, ordelikheid, dissipline en die afhanklikheid van die Hoër Hand.

SELFBEELDONTWIKKELING:
Ons leerders se selfkonsep is die belangrikste deel van sy bestaan, daarom word dit by Jim Fouché uitgebou en opgebou om hom veilig te laat voel, aangesien ons bewus is daarvan dat hy 'n nuwe, vreemde wêreld betree, waar alles nog vir hom onbekend is. Dit is vir ons baie belangrik dat elke leerder volgens sy eie aanleg, vermoë en belangstelling ontwikkel word. FW Porter het gesê: *"The end and aim of education is the development of character."*

AKADEMIE:
Ek wil u graag die versekering gee dat intellektuele vaardighede, sowel as die kulturele en fisiese vaardighede ewe veel aandag geniet. Die leerders word nie slegs visueel en ouditief gestimuleer nie, maar ook fisiek en affektief (emosioneel of gevoelsmatig).

SPORT & KULTUUR:
Hier by Jim Fouché is die skool nie net verantwoordelik vir die opvoeding en kennisvermeerdering van die leerders nie, maar ons aanvaar ook die verantwoordelikheid om, om te sien na die liggaamlike welstand van die leerder. Ons gee veral baie aandag daaraan, aangesien dit dikwels die akademies onderpresteerder menswaardig laat voel en ons strewe veral daarna om ons leerders in sy totaliteit op te voed. Ons wil graag 'n beroep op u as ouer doen om toe te sien dat u kind aan ten minste een kultuuraktiwiteit deelneem, asook aan ten minste een winter- en een somer sportsoort.

OUERBETROKKENHEID:
Die skool en die ouer streef dieselfde doel na betreffende opvoeding van die kind en daarom is dit vanselfsprekend dat daar 'n vennootskap tussen die twee moet bestaan. Ons wil u as ouer ook baie graag betrek by ons verskillende komitee's en projekte, want dit is u kind, die beste en kosbaarste wat u het, en daarom wil ons saam met u werk om aan hulle slegs die beste te kan gee. Die bestuurstyl hier by Jim Fouché Primêr kan in enkele woorde soos volg opgesom word: ***Ondersteunende spanwerk waarbinne elkeen se bydrae belangrik is.***

Minister PJ Clase het per geleentheid gesê:

> " 'n Skool is nie net 'n gebou nie. Dit is 'n gemeenskap. Dit is 'n netwerk van verhoudings, 'n verweefde stel onderlinge verstandhoudings. Daarom is gemeenskapsbetrokkenheid, veral ouerbetrokkenheid, nodig. Gehalte onderwys kan daarsonder nie aangebied word nie."

Hiermee dus 'n hartlike welkom aan u as ouer en ook aan u kind as 'n voornemende Jim Fouché leerder.

D le Grange
PRINSIPAAL

ALGEMENE INLIGTING:

1. SKOOLKLERE:

Die skool beskik oor 'n klerebank wat elke middag vanaf 12:30 tot 14:30 oop is. Nuwe, sowel as tweedehandse klere, word teen billike pryse verkoop.

In die somer trek die **dogters** 'n groen rokkie met kortmou wit hempie en wit sokkies aan. In die winter trek hulle 'n groen langbroek met groen windjakker of "drimac" met skoolwapen of 'n groen rokkie, langmou wit hemp, met swart lang kouse, of groen kniekouse asook 'n das. Dogters mag slegs donkergroen linte en groen haarbande dra. Oorbelletjies – slegs klein ringetjies of die goue / silwer knoppies.

Die seuns dra in die somer 'n grys kortmou hemp en kort broek en in die winter 'n grys langmou hemp en das en grys langbroek met skoolkouse. Alle klere en skoene moet asseblief duidelik gemerk wees.

- Kinders mag in die somer kaalvoet skool te kom.
- Klerewinkel sal ook die dag voordat die skool heropen vir nuwe akademiese jaar oop wees, asook aan die einde van die jaar wanneer leerders hul Verslagkaarte by die skool kom afhaal.
- Klerewinkel tel. nr.: 051 5221852 Martie Botes

2. BENODIGDHEDE VIR GRAAD 1,2 & 3:

Die volledige pakket, sowel as boontjiesakkie en stoelsakkie, is beskikbaar by die klerewinkel. As u nie die pakket wil koop nie, is elke artikel afsonderlik beskikbaar. Ons wil u aanmoedig om ter wille van eenvormigheid sowel as na-verkoopdiens liewer u aankope by die klerewinkel of Bloempapier te doen.

3. KULTUURBEDRYWIGHEDE IN DIE GRONDSLAGFASE:

Voortrekkers: Vanaf Graad 1 word kinders in spanne gedeel en gaan ook al kamp. Liefde vir God, volk en taal word gekweek. **Ledegeld beloop R300 per jaar. Hempies ± R90.**

Landsdiens: By die Landsdiens word natuurbewaring aangemoedig en kinders het deel aan opvoedkundige uitstappies, asook kampe. **Ledegeld beloop R130 per jaar. T-hemp @ R70.**

Kunswedstryd: Elke tweede jaar neem ons deel aan die kunswedstryd deur middel van musiek, sang, spreekkore en individuele gedigte.

Redenaars: Elke kwartaal kry verskillende kinders uit elke klas kans om voor 'n gehoor op te tree. Ons reël ook 'n aand saam met ander skolevir Gr 3-leerders

Koor: Grondslagfase koor en Senior Primêre koor tree by verskeie geleenthede op. Die kinders wat deel neem aan die koor, word eers getoets vir nootvastheid.

4. SPORT:

Moedig asseblief u kinders aan om vanaf Graad 1 reeds by een somer en een wintersportaktiwiteit in te skakel aangesien noodsaaklike vaardighede aangeleer word. Dit vorm die basis vir die daaropvolgende jare se afrigting en is noodsaaklik vir die motoriese ontwikkeling van die kind.

Rugby: Vanaf Graad 1 speel ons seuntjies gedurende die tweede kwartaal al in die skoleliga.

Netbal (Mini): Ons dogters speel ook ligawedstryde gedurende die tweede kwartaal.

Krieket (Mini): Seuns en dogters is hier welkom. Die wagwoord is deelname en genot. Basiese vaardighede van krieket word aangeleer.

Tennis: Ons is tans bevoorreg om deur professionele afrigters afgerig te word. Billike tariewe word kwartaalliks vir hierdie puik diens gehef. Gereelde toernooie word gereël vir verdere blootstelling.

Atletiek: Grondslagfase leerders neem van Graad 1 af aan naellope deel. In die winter kan die langasems aan landloop deelneem. Graad 1 atlete hardloop 1 km ver.

Hokkie: Ons bied ook hokkie afrigting aan vanaf Graad 1: Toernooie vind in die derde kwartaal plaas.

Skaak: Vanaf Graad 1 kan leerders ook hieraan deelneem. Aangesien skaak konsentrasie by kinders bevorder word deelname aan hierdie sportsoort sterk aangemoedig.

FINANSIES:

1. **Rekenings:** Ons finanisiële stelsel is gerekenariseer. Indien u enige onduidelikheid het in verband met u rekening, versoek ons u om die persone in beheer te skakel.

2. **Skoolgeld & nasorg:** Die skoolgeld is maandeliks oor 11 maande betaalbaar – vanaf Januarie tot November en **voor die 7de van elke maand**. Hou asseblief u kwitansies vir moontlike navrae. Januarie skoolfonds is onmiddellik betaalbaar.
   - *Skoolgeld & nasorg beloop die volgende:*
     R595 vir Januarie & **R430 (Feb – Nov)** per maand vir die eerste en tweede kind. **R297,50** vir Januarie & R215 **(Feb – Nov)** per maand vir die derde en vierde kinders. Nasorg beloop **R180** per maand vir eerste & tweede en **R90** vir derde & vierde kinders. Daggeld beloop R15 per dag. Kwytskelding is slegs van toepassing op skoolfonds. Nasorg word nie daarby ingesluit nie.

3. **Debietorders:** Die skool maak reeds van **bank debietorders** gebruik om skoolfonds in te vorder. Administratiewe en ander kostes word hierdeur beperk. Ons doen 'n beroep op u as ouers / voogde om asseblief waar dit moontlik is van die stelsel gebruik te maak. Dit sal waardeer word indien u die ingeslote debietorder sal invul en aan die skool terugbesorg. Hierdie reëling moet elke jaar hernu word. Debietorders strek slegs van Februarie tot November. Die volle jaarlikse skoolfonds kan met debietorder betaal word, die volle bedrag word dan deur 10 gedeel.

4. **Kwytskelding:** Dit is die ouers se eie verantwoordelikheid om vir kwytskelding aansoek te doen **voor** 31 Januarie. **U moet asseblief persoonlik die beursaansoekvorm by die kantoor kom afhaal.** Daar word 'n beroep op ouers gedoen om **vroegtydig** vir kwytskelding aansoek te doen, aangesien die goedkeuring van 'n aansoek baie tyd in beslag neem. Ouers wie se aansoek om kwytskelding vir skoolgeld goedgekeur of afgekeur is, sal individueel daarvan in kennis gestel word.

5. **Musiek:** Ons musiekafdeling is geprivatiseer en dit word bedryf soos 'n musiekskool. **Gelde beloop R430 per kwartaal,** [1 instrument]**, R760** [2 instrumente] *wat aan die begin van elke kwartaal betaalbaar is***.**

Didakties: Beloop R22 per maand per kind per leerarea.

Busgeld: Die busdiens vanaf Langenhovenpark en Universitas is geprivatiseer. Vir enige navrae rondom die roetes, busgelde en enige ander navrae, kan u gerus die Hoërskool, skakel by 051 5021760.

Lokale: Aparte lokale vir Graad 1 – 4. Gr 5 – 7 is gesamentlik in een lokaal.

Tyd: Grondslagfase-leerders word direk na skool by hulle klasse gehaal. Ook gedurende eksamentye. Hulle bly dus voortdurend onder toesig van 'n volwasse persoon. Die amptelike studie vir almal begin om 13:00 (Grondslagfase) & 14:00 (Gr 4 – 7) en ouers kan hulle volgens keuse wat op die aansoekvorm gemaak word self by hulle onderwyseres kom haal of na 16:30 by die nasorgsentrum kom kry.

Elke dag van Maandag tot Donderdag word huiswerk gekontroleer, maar op Vrydag is dit gesamentlike toesigklas. (Slegs in skoolkwartale)

Kostes:

Eerste & tweede kind:	**R180** per maand
Derde & vierde kind:	**R 90** per maand
Dagfooie:	**R15** per dag

Kennisgewing: Een kalendermaand **skriftelike kennisgewing** moet vooraf gegee word indien 'n kind die sentrum sou verlaat en die ouer bly aanspreeklik vir betaling van die geld vir die kennisgewingsmaand.

Rooster vir Grondslagfase leerders:

1. Eet
2. Huiswerk
3. Pouse
4. Huiswerk

Rooster vir Graad 4 – 7:

1.	Studeer	14:00 – 15:00
2.	Pouse	
3.	Studeer	15:30 – 16:30

Elke leerder kry om 15:00 koeldrank in die somer en 'n bekertjie sop / warm sjokolade / tee / koffie in die winter. Elke kind bring steeds soos in die verlede 'n middagpakkie met toebroodjies. Dit word deur nasorgsentrum voorsien.

Benodigdhede vir Grondslagfase: Elke onderwyseres sal in die eerste week briefies uitgee met die nodige benodigdhede.

PRIMêRE SKOOL JIM FOUCHé
Toelatingsvorm

VOLMAG EN ONDERNEMING

Posbus 32019
Fichardtpark 9317

Tel.: 051-5225951
Faks. 051- 5220681

❖ Die Leerder mag onder geen omstandighede tot die skool toegelaat word nie, tensy die geboortesertifikaat / identiteitsdokument & **Oorplasingsvorm** ingehandig word nie.

LEERDERBESONDERHEDE						**Kantoorgebruik**
Van:			Toelatingsdatum:			
Volle voorname:						*Graad & rekrie*
Noemnaam:			Geslag:	S	D	
Geboortedatum	Jaar	Maand	Dag	Huidige graad:		
Identiteitsnommer:						*Toelatingsnommer*
Die leerder is in **hierdie skool** die	Oudste	2e oudste	3e oudste	4e oudste		
Aantal *kinders in hierdie skool:*____			Behendigheid Regs: ___/ Links:___			
Koshuis:			Kerkverband:			*Gesinsnommer*
Ras:	Wit	Bruin	Swart	Indiër	Ander	
Mediesefonds:		Nr.:		Hooflid:		

BESONDERHEDE VAN OUERS / VOOGDE	
OUER 1 / VOOG	**OUER 2 / VOOG**
Van:	Van:
Vrl: Titel:	Vrl: Titel:
Volle name:	Volle name:
Huwelikstatus:	Huwelikstatus:
ID nr.:	ID nr.:
Beroep:	Beroep:
Werkgewer:	Werkgewer:
☎ huis: ☎ werk:	☎ huis: ☎ werk:
Selfoon:	Selfoon:
e-pos:	e-pos:
Posadres:	Posadres:
Poskode:	Poskode:
Straatadres(domicilium):	Straatadres(domicilium):
Woon by: Vader / Moeder (onderstreep) Korrespondensie aan: _____(Vader / Moeder)	

BESONDERHEDE VAN VORIGE SKOOL:	
Volle naam van vorige skool:	
Volledige adres van vorige skool	
	Poskode:
Enige terapie ontvang: RO / Didakties / Arbeidsterapie / Spraak / Ander_____	
Laaste datum by bogenoemde skool: 20___ / ___/ ___ Hoogste Graad geslaag: _____	

NAME VAN BROERS & SUSTERS IN HIERDIE SKOOL:	
Graad:	*Graad:*
Graad:	*Graad:*

NAAM VAN FAMILIELID	
Naam & Van	
Adres:	
☎ huis	Selfoon:

VOLMAG EN ONDERNEMING DEUR OUER / VOOG:			
1. Ek gee volmag aan die prinsipaal om in dringende gevalle, soos ongelukke, epidemies of skielike siekte, na goeddunke in my plek op te tree.			
2. Ek onderneem om alle boeke en / of toerusting, wat aan bogenoemde leerders in bruik-leen gegee is, aan die Prinsipaal terug te besorg wanneer hy daarom vra en die koste van alle items wat nie in redelike toestand terugbesorg word nie, te vergoed.			
3. Skoolfonds betaalbaar met inskrywing **R595, daarna R430 per maand.**			
4. Ek aanvaar die geldende skoolreëls as bindend vir my en my kind.			
5. Afskrif van vorige punteverslag / kleuterskoolverslag.	*Aangeheg:*	Ja	Nee
6. Oorsplasingsvorm van vorige skool	*Aangeheg;*	Ja	Nee
7. Afskrif van u kind se geboortesertifikaat.	*Aangeheg:*	Ja	Nee

Hiermee neem ek kennis dat skoolfonds <u>vooruitbetaalbaar</u> is en onderneem om op die volgende wyse te betaal	*Debietorder*	*Kontant / Tjek*

(*Merk met 'n kruisie)*

Sport / Kultuur: *(Merk in watter sport / kultuur leerder gaan deelneem)*

Atletiek		Rugby		Netbal		Krieket		Tennis		Swem		Hokkie		Landsdiens	
Musiek		Skaak		Koor		JFFJ		Voortrekkers		Landloop					

Noem ander sportsoorte

_____ _____

HANDTEKENING VAN OUER 1 **HANDTEKENING VAN OUER 2**

_____**Datum**

PRIMêRE SKOOL JIM FOUCHé
Aansoekvorm: Middagstudie

Naam & van van leerder: _____

Ouerdom van leerder: _____ Graad: _____

Meld grade van ander boeties / sussies in middagstudie: _____

_____

Enige allergië: _____

Enige medikasie & tyd: _____

Meld tyd wanneer u kind die studieklas op sy eie moet verlaat **OF** _____

Meld tyd wanneer u, u kind by die lokaal wil kom haal: **OF** _____

Meld plek waar u, u kind wil kom haal indien dit nie by die studieklas is nie.

Woon u kind die sentrum by op 'n Vrydag ?	**Ja**	**Nee**

OUERS SE BESONDERHEDE:

Vader	Moeder
Naam & Van	Naam & Van
Adres:	Adres:
☎ huis	☎ huis
☎ werk	☎ werk
Selfoon	Selfoon

Datum waarop dit in werking moet tree:_.....

Naam van mediesefonds: _____ Nr. _____

Kontakpersoon & telefoon nommer in geval van nood:

1. _____ 2. _____

ALGEMEEN:

1. Hiermee onderneem ek om elke maand voor of op die 7de (sewende) van die maand die bedrag Verskuldig **[R180]**, vooruit te betaal.
2. Indien geld nie betaal word nie, kan u kind ongelukkig nie die volgende maand toegelaat word nie.
3 Indien u kind nie kan aanpas by die middagstudie nie of nie die reëls nakom nie, sal hy/sy na drie skriftelike waarskuwings versoek word om ander reëlings in die middag te tref.
4. Ek onderneem om die kantoor die oggend te skakel indien my kind die middagstudie gaan bywoon nie.
5. Ek is bewus daarvan dat daar na 17:30 geen toesig meer by die skool is nie.
6. Indien u nie self u kind soos gewoonlik by die lokaal kan kom afhaal nie, moet u per brief / telefonies die betrokke dame in kennis stel en toestemming verleen dat 'n ander persoon u kind kan kom oplaai.

Kennisgewing: Een kalendermaand **skriftelike kennisgewing** moet vooraf gegee word indien 'n kind die sentrum sou verlaat en die ouer bly aanspreeklik vir betaling van die geld vir die kennisgewingsmaand.

Handtekening : …… Datum :……

AANSOEKVORM VIR DIE BETALING VAN SKOOLFONDS OOR 'N TYDPERK VAN 11 MAANDE

In terme van die gewysigde Skolewet moet 'n formele aansoek aan die Beheerliggaam gerig word om Skoolfonds oor 11 maande te betaal.

1	KINDERS : GRAAD, VAN EN VOLLE NAAM			
	Gr			
	Gr			
	Gr			
	Gr			
2	OUERS : TITEL, VAN EN VOLLE NAAM			
	Ouer 1			
	Ouer 2			
3	POSADRES			
	Ouer 1			
	Ouer 2			
4	WOONADRES			
	Ouer 1			
	Ouer 2			
5	ID NR			
	Ouer 1			
	Ouer 2			
6	WERKGEWER (in geval van eie besigheid – verstrek die naam van besigheid)			
	Ouer 1			
	Ouer 2			
7	WERKGEWER ADRES (in geval van eie besigheid – verstrek die naam van besigheid)			
	Ouer 1			
	Ouer 2			
8	TELEFOON NRS			
	Ouer 1	Huis:	Werk:	Sel:
	Ouer 2	Huis:	Werk:	Sel:

Dit word aanbeveel dat u van Debietorder fasiliteite gebruik maak.
Geliewe meegaande vorm te voltooi indien u daarvan gebruik wil maak

Dui asseblief wyse van betaling aan : Kontant ☐ Debietorder ☐

Bankinbetaling ☐ Eenmalig ☐

DEBIETORDER OPDRAG

Dit word aanbeveel dat u van Debietorder fasiliteite gebruik maak.
Geliewe meegaande vorm te voltooi indien u daarvan gebruik wil maak.

BANKBESONDERHEDE :

Naam van rekeninghouer : _____

Bank :	
Rek nr :	
Taknaam :	
Takkode :	

Tipe rek : Tjek/Spaar (ens) _____

Ek gee toestemming dat die fondse op die **2de/16de** (*merk wat u verkies*) van elke maand van bg. rekening verhaal kan word.

Bedrag : R_____ vir skoolfonds Rek nr. :

R_____ vir nasorg Rek nr. :

R_____ vir didakties Rek nr. :

R_____ vir musiek Rek nr. :

Totaal R_____

Datum waarop debietorder in werking tree : _____

Naam & Van van leerder/s :

……

……

Ek/ons neem kennis dat die verhaling van die paaiement met Absa Business Integrator gedoen word en dat die besonderhede van elke onttrekking op my bankstaat sal verskyn. Ek/ons neem kennis dat die bankkostes van ons rekening verhaal word en dat ek/ons geregtig is om die debietorder op 30 dae skriftelike kennisgewing te kan kanselleer. Ek/ons erken dat ons nie terugbetaling kan eis op bedrae wat geregtelik deur ons verskuldig was nie.

Geliewe daarop te let dat indien u debietorder geweier sou word deur u Bank, die Skool die debietorder summier sal kanselleer en u verantwoordelik sal wees om die bedrag onmiddellik in kontant by die Skool in te betaal.

Op alle geweierde debietorders sal 'n administratiewe fooi ten bedrae van R50.00 op u rekening gehef word.

_____ _____ _____

HANDTEKENING DATUM KONTAKNOMMER/S

Debietorderopdrag moet elke jaar hernieu word.

PRIMÊRE SKOOL JIM FOUCHÉ

POSBUS 32019 * FICHARDTPARK * 9317

LAVENDERSTRAAT * GARDENIAPARK * BLOEMFONTEIN

☎ 051-5225951 / 5227031 🖷 051-5220681

E-POS: jfprimer@saschool.co.za

Geagte Ouers 13 November 2009

SKOOLFONDS 2010

Lees asseblief hierdie brief noukeurig. Hierin is baie belangrike inligting vervat.

Wysigings aan die Suid-Afrikaanse Skolewet het dit noodsaaklik gemaak dat die skool die volgende reëlings met betrekking tot skoolfonds vir 2010 tref:

1. Ingevolge die Wet is die betaling van skoolfonds verpligtend. Verder bepaal die wet dat die hele jaar se skoolfonds vooruit betaalbaar is voor of op **31 Januarie** van elke jaar.

2. Ons wil graag ouers tegemoet kom wat nie die volle bedrag eenmalig kan vereffen nie. Daarom is gereël dat ouers formeel mag aansoek doen om die jaar se skoolfonds maandeliks af te betaal: 11 paaiemente (Januarie tot November), elke maand stiptelik voor die 7de van die maand. Indien u wil reël om die skoolfonds af te betaal, moet u die aangehegte aansoekvorm voltooi en so gou as moontlik aan die skool terug besorg word. **Januarie skoolfonds is onmiddellik betaalbaar.**

3. Artikel 40 van die Wet maak daarvoor voorsiening dat die betaling van skoolgelde deur 'n regsproses afdwingbaar is.

   3.1. Indien 'n ouer in gebreke bly om die volle jaar se skoolfonds voor 31 Januarie 2010 te betaal sonder om 'n afbetalingsooreenkoms met die skool op die voorgeskrewe vorms aan te gaan, is die skool geregtig om onmiddellik met 'n regsproses te begin om die volle jaar se skoolgeld te vorder.

   3.2. Verder, indien 'n ouer wat 'n afbetalingsooreenkoms met die skool aangegaan het, een maand in gebreke sou bly om die afbetaling op die Skoolfonds na te kom, is die volle jaar se uitstaande bedrag onmiddellik betaalbaar. Indien die ouer dan in gebreke sou bly om die volle skoolgeld te vereffen, sal die rekening oorhandig word vir invordering.

4. Die Wet maak ook voorsiening vir verskillende vorme van vrystelling van die betaling van Skoolfonds vir ouers in laer inkomstegroepe. Ouers wat dink dat hulle vir vrystelling kwalifiseer mag op die voorgeskrewe vorm aansoek doen. Die vorm moet voor of op **31 Januarie 2010** by die skool ingehandig word.

5. Op die Begrotingsvergadering gehou op 12 November 2009 is daar besluit dat die verpligte betaling van skoolfonds vir 2010 soos volg daar sal uitsien:

SKOOLFONDS betaalbaar voor 31 Januarie 2010 (-3.5%)		**AFBETAAL van skoolfonds oor 11 mnde**		
KINDERS	**EENMALIG**	**PER JAAR**	**Januarie / 1ste maand in skool**	**Februarie - November**
1	R 4 725.00	R4895.00	R595.00	R430.00
2	R 9 450.00	R9 790.00	R1 190.00	R860.00
3	R11 812.50	R12 237.50	R1 487.50	R1 075.00
4	R14 175.00	R14 685.00	R1 785.00	R1 290.00

Indien daar enige verdere onduidelikheid is, geliewe die skoolkantoor te skakel.
Vriendelike groete

P Slater
VOORSITTER : BEHEERLIGAAM

NS. Die Beheerliggaam het besluit dat indien die daaropvolgende jaar se skoolfonds in die huidige jaar voor die Begrotingsvergadering betaal word, die verskil aan die begin van die volgende jaar inbetaal moet word.

Jim Fouché Primêre Skool



Lys van benodigdhede 2010

Graad 1 **ALLES MOET DUIDELIK GEMERK WEES.**

1 Dik Inkleurboek medium grootte	1 klein stoflap
1 Pakkie inkleurpotlode Steadler	1 x 30cm liniaal – edo *(mm & cm afgemerk)*
4 x grys 2H potlode Steadler (rooi & swart)	I uitveër Steadler
2 x 2 liter roomysbak (ouers)	2 x pakke Monami uitdraaikryte
1 Springtou	5 x gomstafies Pritt – groot
1 Tennisbal	1 goeie skêr
1 x groot sneesdoekies	1 m DC fix
1 x skerpmaker – 2 gate – drommetjie	1 stoelsakkie (sterk denim)
	2 Flip-file boek met 30 sakkies
1 stel flardkaarte	1 x A4 Croxley dik hardebandboek
2 x witbord koki penne (nie swart)	1 Plastiek koevertsakkie
1 witbordjie – beide kante skryfbaar (Plastiek soort)	1 Vanil leessakkie & sinnesakkie – slegs by Klerewinkel beskikbaar

Graad 2

Bring saam vanaf Gr 1:	
1 Boontjiesakkie	1 Tennisbal
1 Springtou	1 stel Flardkaarte
1 witbord kokipen	1 witbordjie
1 stoelsakkie	1 klein stoflappie
1 sker	1 x A5 Hardeband indexboek
Ander benodigdhede:	
2 pakkies inkleurpotlode Steadler *[Skrif & Wisk]*	10 grys H2 potlode (Steadler)
1 pakkie Mon Ami uitdraaikryte	1 gr pak sneesdoekies
1 Flip File (30 bl)	2 Flip File (10 bl)
2 x 30 cm liniaal - edo	2 Gomstafies Pritt – groot
2m DC fix	1 x A5 Croxley swart hardebandboek **met indeks**
1 skerpmaker – staal	1 sakrekenaar
1 maatband (vir Wisk)	1 blikkie toiletsprei
1 x 2l roomysbakke	1 Toiletseep
1 x uitveër Steadler	

Graad 3

1 Bostik – clear	1 Skerpmaker 2 gate– staal
6 x H2 potlode	1 x A4 dik hardeband Croxley
1 pakkie Steadler kleurpotlode	1 x 10bl Flip File
1 Steadler uitveër	1 x dun ringlêer
1 pak sneesdoekies – groot	Skêr
Sakrekenaar	1 blou Bic pen *(geel & blou)*
Maatband	1 pak Monami uitdraaikryte
2 Pritt – groot	Ringversterkers (250 Croxley)
1 liniaal – edo	4 x plastiekslopies
1 rol DC Fix	R40 vir ekstra leesboek

Graad 4

1 uitveër	2 HB Potlode / pacer met loodjies
1 30 cm liniaal	Pritt
Skêr	Kleurpotlode
1 Skerpmaker – dromsoort	1 x 50 bl flip file
Huiswerkboek met datums	1 x 10 bl flip file
2 x Bic blou penne	Sneesdoekies (met naam op)
Tweetalige woordeboek (indien moontlik)	

Graad 5 - 7

Meetkunde stel	Inkleurpotlode
Pritt	Sakrekenaar – (net graad 7)
Blou penne	HP Potlode / Pacer
Uitveër	Skerpmaker
30 cm liniaal	Skêr
Huiswerkboek	Lêer vir Tegnologie - dun
20bl Flip file vir leerareaportefeulje	

JIM FOUCHé PS - AANSOEK OM KOSHUISINWONING:

(Voltooi asseblief beide kante van die vorm en heg R250,00 registrasie aan.)

→→→ **Kwartaalfooi is R4 800 per kwartaal (Kwartaal 1 – 3) & R2 400 (Kwartaal 4)**
OF
R1 200 per maand betaalbaar oor 11 maande.
Fooie is vooruitbetaalbaar van elke kwartaal of maand.

1. BESONDERHEDE VAN LEERDER:	
Van:	Noemnaam:
Volle name:	
Geslag:	ID Nr.
Geboortedatum:	Kerk:
Hoogste graad geslaag:	
Vorige Skool:	
Allergieë	
♦ **Afskrif van 'n ID – document (Leerder) & mediesefondskaart word verlang.**	

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 201__.

……..
OUER / VOOG

…… ……
C.LOOTS **D.LE GRANGE**
KOSHUISSUPERINTENDENT **PRINSIPAAL**

2. BESONDERHEDE VAN OUER OF VOOG:	
Titel (Prof/Dr/Mnr/Mev)	Van:
Volle name:	
Woonadres:	
Posadres:	
☏ (H)	☏ (W)

<u>Geneesheer in Bloemfontein gereël</u>:

Dr……
Telefoon (Werk): ……..
Mediese Fonds: Naam van Fonds: …….
Nommer: ……

→→→ **Afskrif van 'n ID-dokument (kind) en u mediese fonds kaart word verlang.**

3. **BETALING VAN LOSIES:**

3.1 **Losiesgeld** : ***R4 800.00 per kwartaal VIR DIE EERSTE DRIE KWARTALE & R2 400.00 VIR DIE VIERDE KWARTAAL***
OF
R1 200.00 per maand OOR 11 MAANDE

3.2 Kan op een van die volgende maniere betaal word *(per tjek of kontant)*:
→→→ ***Die volle bedrag van R3000.00 (1STE DRIE KWARTALE) / R2000 (4DE KWARTAAL) word op die eerste dag van elke kwartaal betaal***
OF
'n maandelikse betaling van R1 200.00 oor 11 maande – hierdie bedrae is vooruitbetaalbaar.

3.3 Indien losiesgeld agterstallig raak, verbeur u kind sy/haar plek in die koshuis en regstappe sal geneem word.
3.4 Rente van 20% sal op agterstallige losies gehef word.
3.5 Bankkoste vir tjeks wat geweier word (R80 – R100) sal van u rekening verhaal word.
3.6 Indien u kind die koshuis wil verlaat, moet u '***n kalendermaand vooraf kennis*** gee of u sal aanspreeklik gehou word vir nog ***'n maand se losies***.
4. Hierdie ooreenkoms is wedersyds bindend totdat dit skriftelik deur een van die partye opgeskort word en alle verpligtinge nagekom is.

→→→ ***INDIEN U KIND DIE KOSHUIS WIL VERLAAT, MOET U 'N KALENDERMAAND VOORAF KENNIS GEE OF U SAL AANSPREEKLIK GEHOU WORD VIR NOG 'N MAAND SE LOSIES.***

Hiermee onderneem ek, ……
(volle naam en van)

ouer van …….
(volle naam en van van kind)
om my kind se losiesgeld kwartaalliks te betaal en wel volgens betaalwyse soos hierbo uiteengesit.

Skaak: Vanaf Graad 1 kan leerders ook hieraan deelneem. Aangesien skaak konsentrasie by kinders bevorder word deelname aan hierdie sportsoort sterk aangemoedig.